

VIVA MARX! VIVA LENIN! (Wie? Waar?)

In dieselfde naweek dat die Sowjet-Unie deur drie van sy sterkste republieke as "dood" verklaar is en in 'n tyd waarin byna elke sosialistiese land ter wêreld dié stelsel begin uitfaseer, het die **Suid-Afrikaanse Kommunisteparty** (SAKP) hulle op hul agste nasionale kongres "onbeskaamd" verbind tot 'n "revolusionêre klassestryd teen die kapitalisme en die uiteindelijke vestiging van 'n sosialistiese Suid-Afrika."

HENNIE SERFONTEIN het die konferensie met die tema "Die toekoms is sosialisme" bygewoon

WAAR baie waarnemers die begrafnis en agteruitgang van die SAKP voorspel het, was die onlangse kongres meer van 'n wedergeboorte van die kommunisme in Suid-Afrika. Dis die eerste ope kongres binne Suid-Afrika in die byna 50 jaar sedert die party - wat al 70 jaar lank bestaan - verban is.

Die ander sterk boodskap is die vasbeslotenheid om van nou af 'n baie meer onafhanklike rol te begin speel om so 'n eie identiteit vir die party te vestig.

Die verkiesing van Chris Hani as die nuwe Algemene Sekretaris van die SAKP in die plek van Joe Slovo, was 'n groot triomf vir die party. Maar terselfdertyd is dit 'n besluit wat waarskynlik vir die ANC nog probleme gaan besorg, veral rondom die kwessie van dubbele lidmaatskap en die lojaliteit van SAKP-lede. Daar is glo klaar 'n opstand in senior kringe in Umkhonto we Sizwe oor die verkiesing.

Hoewel daar in besluite en besprekings op die kongres kritiek was op die gebrek aan beraadslaging binne die SAKP se alliansie met die ANC en COSATU - klaarblyklik 'n bedekte steek in die rigting van die ANC, hoewel die leiersfigure dit ten sterkste ontken - is daar geen sprake van onttrekking aan die alliansie nie.

Intendeel: soos die nuwe manifest duidelik uitspel, bly samewerking met die ANC steeds absoluut noodsaaklik vir die

"proses van nasionale demokratiese oorgang" omdat dit die mees regstreekse weg na die sosialisme is.

Maar, beklemtoon die manifest en ook by herhaling die leiers, die oorgang na sosialisme - wat hulle beskou as die bereiking van ware bevryding - sal geskied langs die weg van demokratiese oortuiging van ander partye, soos die ANC.

Herhaaldelik word beklemtoon dat die SAKP nou 'n voorstander is van 'n veelparty politieke bestel, 'n handves van mense-regte en vryheid van spraak.

Joe Slovo, die nuwe voorsitter, waarsku ook dat daar nie te veel gemaak moet word nie van die kongres se oorweldigende verwerping - met 'n stemming van 3 teen 1 - van die partyleiding se voorstel dat daar van "demokratiese sosialisme" gepraat moet word.

Daar word op gewys dat die meeste sprekers gesê het die sosialisme is inherent demokraties, en dat 'n verduideliking nie nodig is nie.

Hoewel die kongres aanvaar het dat die sosialisme in Oos-Europa en die Sowjet-Unie verwerplik was omdat dit "verwonge sosialisme" was - nie omdat die sosialisme inherent gebreke het nie - het die valke in die SAKP sterk daarteen beswaar gemaak en ook teen die weglating van verwysings na Lenin.

Die uitlatings van die twee veteran-



Die twee hoofkamarade: Chris Hani, die nuwe leier, en Joe Slovo, die nuwe voorsitter van die SAKP. (Foto: Steve Hilton-Barber / Southlight)

valke Govan Mbeki en Harry Gwala, en die feit dat hulle steun oorweldigend is, wys egter weer dat die meeste afgevaardigdes aanklank by hul militansie vind.

Gwala het ná die kongres aan joernaliste gesê: "Ek is baie tevrede. Dit was 'n hoogs militante kongres en ons het gekry wat ons wou gehad het."

Onder groot toejuiging het Gwala aan die kongres gesê: "Ons is 'n Marxistiese-Leninistiese party wat die kommunisme in Suid-Afrika wil vestig. Ons laat Lenin nie vaar net omdat daar diegene is wat apologeties oor hom is omdat hy nie demokraties genoeg was nie."

In sy toespraak het Govan Mbeki gewaarsku dat die konsep "demokratiese sosialisme" die indruk by "die kapitaliste en imperialiste kan wek dat die SAKP wegbeweeg van sy idees, ná die gebeure in sosialistiese lande."

Ná die debat, met verwysing na Marx, Engels en Lenin, het Mbeki aan joernaliste gesê: "Ek is baie tevrede en kan nou gaan rus, want ek is daarvan oortuig dat Suid-Afrika eendag die bastion van die kommunisme in die wêreld gaan word."

Die ander vuurvreter, Ronnie Kasrils, het in 'n bespreking oor die opbou van die SAKP dit duidelik gemaak dat massa-aksie 'n wesenlike deel is van die strategie om die party-organisasie uit te bou en "om ons teorie in die praktyk om te sit om sodoende die massas te bereik."

Kasrils sê dis daarom baie belangrik dat die SAKP sosio-ekonomiese omstandighede

moet beklemtoon: die sewe miljoen plakkers, diegene wat honger en huisloos is en geen gesondheidsdienste het nie.

"Twee duisend jaar gelede was dit 'n ander revolusionêre kameraad, Jesus Christus, wat ook sy aandag op die armsaliges toegespits het," het hy onder groot toejuiging gesê.

Kasrils noem as voorbeeld van "kreatiewe massa-aksie" dat die SAKP na die plakker-gemeenskappe moet gaan en "hulle saambring na die supermarkte, verkieslik in die omgewing van die die Carlton Hotel, dat hulle sitstaak in die strate van Egoi om brood van die regering te eis".

Hani se verkiesing vestig die aandag op moontlike komplikasies van dubbele lidmaatskap van Kommuniste binne die ANC. Hani is ook lid van die ANC se uitvoerende komitee nadat hy die hoogste aantal stemme op die ANC-kongres in Julie verwerf het, asook stafhoof van Umkhonto we Sizwe.

Dit beteken dat Hani se persoonlike lojaliteit, soos dié van ander SAKP-leiers, in die eerste plek by die SAKP lê en nie by die ANC nie.

Hani is nou 'n leiersfiguur in twee partye, terwyl die SAKP se uiteindelijke sosialistiese doelwitte, veral ekonomies, in belangrike opsigte van die ANC s'n verskil. Dit is nie goeie nuus vir die ANC in 'n stadium dat Nelson Mandela besig is met internasionale veldtogte om Westerse kapitalistiese beleggings in Suid-Afrika aan te moedig nie.

DIT WAS TEN MINSTE DEMOKRATIES

DIT was met 'n gevoel van totale onwerklikheid dat mens die SAKP-kongres bygewoon het. Want dit lyk of die werklike les van Oos-Europa - die mislukking van sosialisme as stelsel - aan die kongres en sy leiers verbygegaan het, hoewel baie ure aan die bespreking van lesse van die mislukking van "verwonge sosialisme" gewy is.

Buite die kongres-saal was boeke oor Marx, Engels en Lenin, en ook ander "rooi" lektuur te koop, publikasies wat blykbaar almal in die opleidingsprogramme van SAKP-lede gebruik word om die "ABC van Marxisme-Leninisme" onder die knie te kry.

'n Uitsers belangrike aspek van die kongres is dat 85 persent van die mense hulle in die laaste jaar aangesluit het toe die SAKP sy lidmaatskap van 5 000 tot byna 25 000 verhoog het.

Van die 413 afgevaardigdes was 75 persent uit die werkerstand, en van hulle was 40 persent werkloos. Met die gemiddelde ouderdom van die afgevaardigdes nie ouer as 30 jaar nie, is die militante toon van die kongres, en die verwerping van gematigde voorstelle, dus maklik verklaarbaar.

Die SAKP se strategie om deur "progressiewe vakbonde" die werkers te manipuleer en 'n "vanguard" posisie van die werkers te bekom, blyk ook uit die verkiesing van vyf bekende COSATU-amptenare en leiers tot die nuwe Sentrale Komitee: Chris Dhlamini, John Gomomo, Sam Shilowa, Moses Mayekiso en Sydney Mufamadi - laasgenoemde is ook 'n lid van die ANC se uitvoerende komitee.

'n Verblydende aspek van die kongres is die demokratiese aard daarvan in sowel besprekings as tydens die verkiesings; ook dat die kongres merendeels tydens die bespreking van politieke sensitiwiteite sake vir die pers oop was. Dis in skrilke kontras met die ANC-kongres, waar slegs die opening en afsluiting vir die pers oopgestel is.



Dié foto vertel 'n hele verhaal... Nelson Mandela, FW de Klerk en Mangosuthu Buthe tydens die Vredesberaad

DIE WÊRELD SPRING NA DIE 21E EEU

DIE 20e eeu, het 'n Nederlandse kultuurfilosoof tereg beweer, het eers in 1914 begin - toe die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog die treine van die geskiedenis as 't ware op vinniger spore gerangeer het. Hoewel die Groot Oorlog - en die voortsetting daarvan in 1939 - yslike tragedies was, het dit die geykte maatskaplike, ekonomiese en politieke patrone van die 19e eeu deurbreek en tegnologiese en wetenskaplike vooruitgang sterk gestimuleer.

Die revolusionêre gebeure wat die wêreld in 1989, 1990 en 1991 getref het, is besig om die 20e-eeuse wêreld so volledig te sloop dat kultuur-historici dalk eendag sal beweer dat die 20e eeu reeds in 1989 tot 'n einde gekom het. In die laaste drie jaar is - om ongepaste beeldspak te gebruik - verskeie Fast Forward-knoppe op die videoband van die geskiedenis gedruk. Dit het tot gevolg dat die wêreld in 'n versnelde tempo voortspeel na die 21e eeu - as ons ons nie reeds daarin bevind nie.

In Junie 1989 het die bloedbad in Beijing plaasgevind. Dit is wêreldwyd met woede en verontwaardiging veroordeel. Kommunistiese diktature van Oos-Europese lande is so ontnugter dat hulle die sosiale opstande - wat in die tweede helfte van 1989 spontaan in daardie lande "uitgebreek" het - met ongekende verdraagsaamheid geduld het. Dit het die oorskakeling na demokrasie en na markgeoriënteerde ekonomieë teweeggebring.

In Oos-Duitsland het 'n "Germaanse Volksverhuising" in die klein daartoe gelei dat die Berlynse Muur op 9 November 1989 tot 'n val gekom het. Om alles te kroon het Moskou hom die Oos-Europese Revolusie van 1989 gelate - en met 'n stilswyende goedkeuring - laat welgeval. Die vereniging van Oos - en Wes-Duitsland op 3 Oktober 1990 en die inskakeling van 'n Warschau-verdrag land by NAVO

Die revolusionêre gebeure wat die wêreld in 1989, 1990 en 1991 getref het, is besig om die 20e-eeuse wêreld so volledig te sloop dat kultuur-historici dalk eendag sal beweer dat die 20e eeu reeds in 1989 tot 'n einde gekom het, skryf **SAMPIE TERREBLANCHE**

het die Warschau-verdrag laat verkrummel. Daarna was die verdwyning van die Ystergordyn en die beëindiging van die Koue Oorlog bloot formaliteite.

In Januarie 1991 het die Irakese oorlog ons 'n voorsmaak gegee van die soort kleiner oorloë wat waarskynlik gereeld gaan plaasvind nou dat die dissipline wat die Koue Oorlog oor kleiner lande uitgeoefen het, verdwyn het.

Die mees epogmakende gebeurtenis van 1991 was ongetwyfeld die "drie chaotiese dae" wat Moskou van 19 tot 21 Augustus beleef het. Dit het sowel die Kommunisteparty as die KGB - en die standbeelde van Lenin en Stalin - in duie laat stort. Dié "revolusie" het die bankrotkap van die Sowjet-ekonomie - ná 70 jaar van Commandism - finaal blootgelê. 'n Verbrokkeling van die USSR - en "burgeroorloë" - lyk onvermydelik.

Die patroon wat die Nuwe Wêreldorde (NWO) - ná die Revolusie van 1989/91 - in die 21e eeu gaan aanneem, begin al duidelik vorm aanneem. Die tempo van die wêreld gaan aansienlik versnel - in elk geval solank die omgewing dit toelaat en tot tyd en wyl Aids 'n tweede Swart Dood veroorsaak.

Maar wat veral belangrik is, is dat "the global village" al hoe kleiner gaan word, terwyl die meeste arm lande nog afhankliker gaan word van hulp en ontwikke-

lingskapitaal wat net deur die 20 of 30 rykste lande - wat almal oor mark- of kapitalisties-georiënteerde ekonomieë beskik - voorsien sal kan word. Dié ryk lande gaan waarskynlik net kapitaal en hulp aan arm lande verskaf as die regeerings van die lande aan streng voorwaardes omtrent mense-regte, demokrasie en begrotingsdissipline kan voldoen en as die lande mark-ekonomieë met die nodige finansiële verantwoordelikheid kan ontwikkel. Daardie arm lande wat nie aan dié streng voorwaardes kan of wil voldoen nie, gaan gerantsoeneer en geïsoleer word en die gevaar van honger-oorloë staan hulle (met uitsondering van lande soos China) in die gesig.

Dit wil dus voorkom asof daar in die "herenigde" wêreld 'n sterk "historiese dwang" in die rigting van demokrasie en kapitalisme - dws in die rigting van Demoratiese kapitalisme - gaan bestaan. Hopelik sal die ideologiese oriëntasie daarvan al hoe sterker Sosiaal-Demokraties word.

Die onverwagte vinnige oorgang na die NWO van die 21e eeu plaas bykomende druk op Suid-Afrika om sy huis gou in orde te kry. Suid-Afrika het 'n dringende behoefte aan 'n groot invloei van buitelandse kapitaal om weer teen 4 of 5 persent per jaar te kan groei. Om in die NWO die nodige kapitaal te lok, sal Suid-Afrika aan die

streng eise van sosiale stabiliteit, mense-regte, demokrasie en kapitalisme moet voldoen.

As die land nie daarin slaag nie, gaan armoede - oorloë en groeptoetsings ons bittere lot wees. Die demokratiese dimensie van die NWO gaan hoë eise aan die NP en sy kapitalistiese vennote stel, terwyl die kapitalistiese dimensie hoë eise aan die ANC/Cosatu/SACP gaan stel.

Sedert 1989 ondervind Suid-Afrika ook "revolusionêre" veranderinge vanweë 'n reeks gebeurtenisse wat ook die Fast Forward-knoppe op die videoband van ons geskiedenis gedruk het. Ons geskiedenis begin toevalling parallel verloop met dié van die wêreld en dit lyk of dit 'n inherente deel vorm van die wêreldwye "revolusie" wat besig is om die wêreld vinniger, kleiner, meer demokraties en meer kapitalisties te maak.

Verskeie Nasionaliste het my al probeer oortuig dat President FW de Klerk op 'n goeie dag in 1990 spontaan en onafhanklik besluit het om die ANC te onthou en Mandela vry te stel. Net Nasionaliste is naïef genoeg om sulke snert te glo.

Die feit dat die nuwe "Zeitgeist" (tydsgees) Beijing, Berlyn, Budapest, Warschau, Praag, Moskou, Windhoek en Pretoria in dieselfde jaar getref het, is waarskynlik nie toevallig nie. Maar vanweë die Revolusie